

KENNISGEWING OM AAN DIE SKIKKING TE ONTTREK

Jy kan kwalifiseer om vergoeding te eis as jy tans of voorheen 'n GOUDMYNWERKER in Suid-Afrika is of was sedert 12 Maart 1965, en aan silikastof blootgestel is of silikose of tuberkulose ("TB") opgedoen het, OF as jy die AFHANKLIKE (bv. die vrou, lewensmaat of kind) van sodanige goudmynwerker is wat sedertdien oorlede is, MOET JY ASSEBLIEF HIERDIE KENNISGEWING AANDAGTIG LEES AANGESIEN DIT JOU REGTE MAG BEÏNVLOED.

DIE SKIKKING

Op 3 Mei 2018 het ses mynmaatskappye, naamlik African Rainbow Minerals, Anglo American SA, AngloGold Ashanti, Gold Fields, Harmony, Sibanye-Stillwater en sommige van hul geaffilieerde maatskappye ("die deelnemende goudmynmaatskappye"), tot 'n voorwaardelike skikking ingestem om vergoeding aan kwalifiserende goudmynwerkers en die afhanklikes van sodanige oorlede mynwerkers, te betaal. Die voorgestelde skikking sal die eise teen die deelnemende goudmynmaatskappye vereffen na aanleiding van die klasaksie wat voor die Hooggeregshof ingestel is vir:

- die skade en verlies gely deur mynwerkers wat silikose en/of TB opgedoen het tydens hul werk by sekere goudmyne in Suid-Afrika, en
- die skade en verlies gely deur die afhanklikes van mynwerkers wat as gevolg van hierdie siektes oorlede is.

Die skikking is op 26 Julie 2019 deur die Hooggeregshof in Johannesburg goedgekeur.

WIE IS DEEL VAN DIE SKIKKING?

Jy is 'n groeplid, en sal by die skikking ingesluit word, as jy aan al die vereistes van enige van die volgende vier groepe voldoen:

Groep 1:	Al die persone: <ol style="list-style-type: none"> 1. wat, soos op die datum wanneer die skikking in werking tree, risikowerk onderneem het. Luidens die skikking beteken risikowerk "risikowerk" soos uiteengesit in die Wet op Beroepsiektes in Myne en Bedrywe van 1973, of enige van die volgende werk: <ol style="list-style-type: none"> (i) werk in die ondergrondse bedrywe van 'n goudmyn; (ii) werk in 'n wassery waar die kiere van ondergrondse mynwerkers gewas word; (iii) werk op die slykdam van 'n goudmyn; (iv) werk in 'n essaiëeringslaboratorium van 'n goudmyn waar die samestelling van gouddraende erts ontleed word en waar die massa van inasembare stof van persoonlike monsterneming bepaal word; (v) werk in 'n metallurgiese aanleg van 'n goudmyn, insluitend die verbruseling, vermaling, vervoer en smelting van erts; en (vi) werk by 'n vervoerbandbedryf waar daar onderneem word om gebreke rots vanuit die ondergrondse bedrywe van 'n goudmyn na die oppervlak te vervoer; 2. wat voor of op die datum waarop die skikking in werking tree silikose opgedoen het, of wat aan silikastof blootgestel is; 3. wat risikowerk by een of meer van die myne wat in Addendum A van hierdie kennisgewing onderneem, of onderneem het, ná 12 Maart 1965; en 4. van wie die eise nie vereffen is nie tydens vorige gefinaliseerde skikkings met Anglo American Suid-Afrika Beperk en AngloGold Ashanti Beperk op 14 Maart 2016, en met Anglo American Suid-Afrika Beperk op 19 September 2013, onderskeidelik.
-----------------	--

Groep 2:	Die afhanklikes van enige van die persone in Groep 1 hierbo wat oorlede is soos op die datum wanneer die skikking in werking tree.
Groep 3:	Al die persone: <ol style="list-style-type: none"> 1. wat, soos op die datum wanneer die skikking in werking tree, risikowerk onderneem het; 2. wat voor, op of ná die datum waarop die skikking in werking sal tree tuberkulose opgedoen het; en 3. wat risikowerk onderneem, of onderneem het, ná 12 Maart 1965, by een of meer van die goudmyne wat in Addendum A van hierdie kennisgewing gelys word.
Groep 4:	Die afhanklikes van enige van die persone in Groep 3 hierbo wat oorlede is soos op die datum wanneer die skikking in werking tree.

WAT IS DIE UITWERKING VAN HIERDIE SKIKKING?

Die skikking het nog nie in werking getree nie, aangesien sommige van die voorwaardes daarvan nog nie nagekom is nie. Wanneer die voorwaardes nagekom word, sal die deelnemende goudmynmaatskappye 'n fonds genaamd die TSHIAMISO TRUST stig.

- Wanneer die skikking in werking tree:
- sal die deelnemende goudmynmaatskappye bydraes soos ooreengekom aan die Tshiamiso Trust betaal, en die proses om vergoeding te betaal, kan begin.
 - Alle lede van die groep, behalwe diegene wat kies om hulle aan die skikking te onttrek, sal geregtig wees om **eis vir geldelike vergoeding aan die Tshiamiso Trust in te dien**.
 - Die besonderhede oor hoe om 'n eis aan die Tshiamiso Trust in te dien, sal deur die media gepubliseer word, asook op die volgende webwerf: www.silicosissettlement.co.za.
 - Die Tshiamiso Trust sal vergoeding aan **kwalifiserende aanspraakmakers** betaal. 'n Kwalifiserende aanspraakmaker is iemand wat 'n lid van enige van die groepe is, en wat aan die Tshiamiso Trust se vereistes vir geldelike vergoeding voldoen.
 - Groeplede moet voltooid eisvorm aan die Tshiamiso Trust indien, en hulle sal dalk 'n mediese ondersoek moet ondergaan om te bepaal of hulle kwalifiserende aanspraakmakers is.

Sodra die skikking in werking tree, sal kwalifiserende aanspraakmakers geregtig wees op 'n eenmalige betaling tussen R10 000 en R250 000, na gelang van die aard en erns van die siekte. In bepaalde buitengewone omstandighede mag hierdie bedrag tot R500 000 verhoog word.

Die volledige bepaling van die finale skikking, asook die hof se beslissing wat die skikking goedgekeur, is beskikbaar op www.silicosissettlement.co.za, of kan van die klasaksieprokureurs verkry word (**kontakbesonderhede verskyn onder**).

JY HOEF NIEMAND TE BETAAL OM JOU TE HELP OM JOU EIS IN TE DIE NIEN

WAT MOET EK DOEN OM DEEL TE BLY VAN DIE SKIKKING? AS JY 'N GROEPLID IS WAT VAN DIE SKIKKING DEEL WIL WEES, HOEF JY OP HIERDIE STADIUM GEEN STAPPE TE NEEM NIE.

Alhoewel jy niks hoef te doen om aan die skikking deel te neem nie, kan jy as jy wil jou kontakbesonderhede stuur: dit maak jou belangstelling om aan die skikking deel te neem, bekend. Jy kan dit doen deur 'n inligtingsvorm te voltooi of deur jou belangstelling op die webwerf www.silicosissettlement.co.za te registreer.

HOE OM AAN DIE SKIKKING TE ONTTREK

IAS JY 'N GROEPLID IS, IS DIE SKIKKING OUTOMATIES OP JOU VAN KRAG, TENSY JY STAPPE NEEM OM JOU DAARAN TE ONTTREK.

As jy nie deel van die skikking wil wees nie, of as jy die reg wil voorbehou om jou eise individueel in die hof voort te sit, moet jy stappe neem om jou aan die skikking te onttrek.

Om aan die skikking te onttrek, moet jy VORM A, VORM B, VORM C OF VORM D (AFHANGEND VAN WATTER EEN OP JOU VAN TOEPASSING IS) **VOLTOOI EN ONDERTEKEN, EN DIT SAAM MET DIE NODIGE STAWENDE DOKUMENTASIE AAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR, SNG Grant Thornton OORHANDIG**, voor 24 November 2019.

Die vorm moet voor kommissaris van ede onderteken word. Elke polisieestasie in Suid-Afrika het kommissaris van ede.

OM TE ONTTREK, HANDIG JOU ONTTREKKINGSVORM EN STAWENDE DOKUMENTASIE PER HAND, PER FAKS OF PER E-POS OOR DEUR DIE VOLGENDE BESONDERHEDE TE GEBRUIK: SNG Grant Thornton

Adres vir oorhandiging per hand: 20 Morris Straat Oos, Woodmead, Johannesburg 2191
 Faksnummer: +27 11 234 0933
 E-posadres: silicosissettlement@sng.gt.com

Jy kan **nie telefonies onttrek nie**, maar jy kan die nommers hieronder skakel vir meer inligting oor hoe om te onttrek.

Elke groeplid wat wil onttrek, moet 'n aparte onttrekkingsvorm voltooi en onderteken.

As jy 'n onttrekkingsvorm oorhandig, kan die onafhanklike ouditeur jou vir meer inligting kontak.

DIE ONTTREKKINGSVORMS IS BESKIKBAAR BY www.silicosissettlement.co.za, OF HULLE KAN VAN DIE KLASAKSIEPROKUREURS VERKRY WORD, OF DIE KLASAKSIEPROKUREURS SAL VIR JOU AANDUI WAAR DIE NAASTE PLEK IS WAAR JY DIE ONTTREKKINGSVORMS KAN VERKRY (KONTAKBESONDERHEDE VERSKYN ONDER).

*MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT JY DIE REGTE ONTTREKKINGSVORM VOLTOOI. INDIEN JY HULP HIERVOOR BENODIG, GEBRUIK DIE INLIGTINGSDIENSTE HIERONDER AANGEDEE.

Vir Meer Inligting oor die Eisproses, die Skikking, en Hoe om te Onttrek:

- Besoek www.silicosissettlement.co.za;
- Skakel die tolvrye inbelsentrum by 0801 000 240 of 0800 110 110. Die inbeldiens is gratis vir diegene wat oproepe van binne Suid-Afrika maak;
- Stuur 'n "please call me" -boodskap aan 072 557 8077 of 079 835 7179.

Jy kan ook die klasaksieprokureurs kontak by:

Richard Spoor Incorporated Attorneys Tel: +27 (0)11 482 6081; Faks: +27 (0)11 482 1419 info@rsinc.co.za; Posbus 303 Parklands, 2121 Fisiese adres: Etos Building, Sherborne Square 5 Sherborne Road Parktown, Johannesburg	Abrahams Kiewitz Incorporated Tel: +27 (0)21 914 4842 Faks: +27 (0)21 914 1455 classaction@ak.law.za; Posbus 3048, Tygervalley, 7536, Cape Town Penthouse, 6th Floor, Imperial Terraces, Carl Cronje Drive, Tyger Waterfront, Tygervalley, Cape Town	Legal Resources Centre Tel: +27 (0)11 836 9831 Faks: +27 (0)11 834 4273 silicosisclass@lrc.org.za Posbus 9495, Johannesburg, 2000 Bram Fischer Towers, 16th Floor, 20 Albert Street, Marshalltown, Johannesburg
--	--	---



Addendum A: Deelnemende mynmaatskappye SA Land Daggafontein East Daggafontein Elandsrand Deelkraal (ook bekend as Elandskraal) Kusasalethu Western Holdings (1, 2, 3, 4, 6, 7) (ARM)Gold Matjhabeng (Western Holdings se ander vier skagte Kudu, Nyala, Sable, Eland voorheen skagte van FreeDiedsmyn en Vrystaat Geduldmyne) Saaiplaas 2,3 Saaiplaas 4,5 (Masimong) (FreeGold 3) Free State Geduld	Free State Gekonsolideer FreeGold 2 en 4 Freddie's 7 en 9 (tot Kades Bamea cc, Pamodzi, Target mine) Freegold 2, 4 (Tshepong, Phakisa) President Brand President Steyn Steyn 1, 2 (tot Kades Barnea, Pamodzi, Bambanani) Steyn 3,4 (FreeGold 1, then Bambanani) Brand 1, 2, 3, 5 (Steyn 5 to 8) HJ Joel / Joel Western Reefs (saamgesmelt met Vaal Reefs) Vaal Reefs (1,3,4,5,6,7) Vaal Reefs 2 Vaal Reefs 8 (Great	Norigwa) Vaal Reefs 9 (Kopanang) Vaal Reefs 10 (Tau Lekoa) Vaal Reefs 11 (Moab Khotskmyne) Western Deep Levels Mponeng (South Mine WDL 1) Tau Tona (East Mine WDL 3) Savuka (West Mine WDL 2) St Helena Evander (Insl. Kinross-, Leslie-, Bracke- en Winkelhaakmyne) Randfontein Estates Doornkop Cooke 1, 2 and 3 (Rand Uranium) Cooke 4 (Ezulwini) Unisel	Harmony myn Merriespruit Hartebeesfontein Loraine (Skagte 1,2 en 3) Zandpan Virginia-myn Village Main Reef Western Areas (tot South Deep) South Deep Beatrix (Insl. Oryx) Oryx (tot Beatrix) Driefontein (Insl. Oos-Driefontein, Wes-Driefontein en Driefontein Gekonsolideer) Kloof (Insl. Leudoom vanaf 1 Jan 1993, Libanon en Venterspos) St Helena (Besia-afdeling)
---	--	---	--